BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Vrydag, 23 Maart 1956. WINDHOEK Friday, 23rd March, 1956. No. 1979.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS—

No. 64. Modelregulasies insake Padverkeertekens. 305

No. 65. Munisipaliteite waarop Modelregulasies insake Padverkeertekens van Toepassing is. . 333

GOVERNMENT NOTICES—

No. 64. Model Regulations in regard to Road Traffic Signs. . . . . . . . 305

No. 65. Municipalities to which Model Regulations in regard to Road Traffic Signs are applicable. . . . . . . . 333

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

---

No. 64.] [23 Maart 1956.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by sub-artikel (4) van artikel *eenhonderd-en-sestig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949), soos gewysig, die onderstaande Modelregulasies op te stel en af te kondig:—

### MODELREGULASIES INSAKE PADVERKEERTEKENS.

Alle bestaande padverkeertekens wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie, sal as padverkeertekens beskou word in enige munisipaliteit ooreenkomstig hierdie regulasies vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van aanname van hierdie regulasies deur sodanige munisipaliteit.

### 1. WOORDBEPALING.

Vir sover dit hierdie regulasies betref, tensy die sinsverband anders vereis, het die volgende woorde of sinsnedes die betekenisse wat onderskeidelik daaraan geheg word:—

*Padowerheid.*—Enige wetlike owerheid wat vir die onderhoud van 'n straat verantwoordelik is, en met betrekking tot 'n bepaalde straat, die wetlike owerheid wat vir die onderhoud van die straat verantwoordelik is.

*Ryweg.*—Dié gedeelte van 'n straat wat 'n gemaakte oppervlakte het om voertuigverkeer te vergemaklik.

*Randsteenlyn.*—Die grens tussen die straat en die sypaadjie, wat gewoonlik aangedui word deur middel van 'n vaste en verhewe randsteen.

*Sypaadjie.*—Dié gedeelte van 'n straat tussen die randsteenlyne of buitengrense van 'n straat en die aangrensende eiendomslyne of boulyne, en bedoel vir die gebruik van voetgangers.

*Oorgang vir Voetgangers.*—Dié gedeelte van 'n straat wat gewoonlik binne die verlenging of verbinding van die randsteen- en eiendomslyne by kruispunte ingesluit is, ongeag of dit duidelik sigbaar gemerk is of nie, of enige ander gedeelte van 'n straat wat duidelik as 'n voetgangeroorgang aangedui word deur middel van strepe of ander merke op die oppervlakte daarvan.

## Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

---

No. 64.] [23rd March, 1956.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (4) of section *one hundred and sixty* of the Municipal Ordinance, 1949 (Ordinance No. 3 of 1949), as amended, to frame and publish the undermentioned Model Regulations:—

### MODEL REGULATIONS IN REGARD TO ROAD TRAFFIC SIGNS.

All existing road traffic signs which do not conform to these requirements shall be regarded as road traffic signs in any municipality in terms of these regulations for a period of two years from the date of the adoption of these regulations by such municipality.

### 1. DEFINITIONS.

For the purposes of these regulations the following words or phrases shall, unless the context otherwise requires, have the meanings respectively ascribed to them:—

*Road Authority.*—Any statutory authority responsible for the maintenance of a street, and in relation to a particular street, the statutory authority responsible for the maintenance of that street.

*Carriageway.*—That portion of a street having a constructed surface to facilitate vehicular traffic.

*Kerb Line.*—The boundary between the street and the sidewalk, usually indicated by means of a fixed and raised kerb.

*Sidewalk.*—That portion of a street between the kerb lines or outer limits of a street, and the adjacent property lines, or building lines, and intended for the use of pedestrians.

*Pedestrian Crossing.*—That portion of a street ordinarily included within the prolongation or connection of the kerb and property lines at intersections, whether visibly marked or not, or any other portion of a street clearly indicated as a pedestrian crossing by lines or other markings on the surface thereof.

*Kruispunt.*—Die gebied omsluit binne die verlenging van die sy-grenslyne van twee strate wat reghoekig, of ongeveer reghoekig, by mekaar aansluit, of die gebied waarin voertuie wat op verskillende strate reis wat onder enige ander hoek aansluit, in botsing kan kom.

*Vlugheuwel.*—Enige gebied in 'n straat wat bedoel is òf om die natuurlike skeiding en verdeling van verkeer te weeg te bring, òf vir die uitsluitende gebruik van voetgangers, of albei.

*Verkeer.*—Omvat voertuie of vervoermiddels van enige soort, voetgangers, en diere waarop gery, wat gelei of aangeja word of bymekaargemaak is, ongeag of sodanige voertuie of vervoermiddels, voetgangers of diere beweeg of stil staan.

*Voetganger.*—Enige persoon te voet.

*Voertuig.*—Elke toestel waarin, waarop of waardeur enige persoon of goedere op 'n straat vervoer of getrek word of kan word, en omvat enige dier waarop gery, of wat gelei of gedryf word.

*Motorvoertuig.*—Enige voertuig ontwerp of bedoel om deur ander krag as menslike of dierlike krag voortbeweeg te word, en omvat 'n sleepwa, maar omvat nie voertuie wat uitsluitend op spore loop, of voertuie wat deur voetgangers beheer word en wat voortbeweeg word deur elektriese krag verkry van akkumulatorbatterye wat op sodanige voertuie gedra word, waar die gewig sonder vrag van so 'n voertuig, met inbegrip van die gewig van die akkumulatorbatterye, nie meer as eenduisend (1,000) pond is nie, mits—

(i) die vrag wat op so 'n voertuig gedra word, nie twaalfhonderd (1,200) pond oorskry nie;

(ii) die totale hoogte van so 'n voertuig, met inbegrip van die vrag wat daarop vervoer word, nie vier (4) voet ses (6) duim oorskry nie;

(iii) die totale wydte van so 'n voertuig, met inbegrip van die vrag daarop, nie ses (6) voet oorskry nie.

*Verkeersbaan.*—Enigeen van die dele waarin die straat verdeelbaar is, elkeen van voldoende wydte vir een streep bewegende voertuig.

*Laaisone.*—'n Gebied grensende aan die randsteenlyn, wat gereserveer is uitsluitend vir die gebruik van voertuie onderwyl passasiers of goedere op- of afgelaai word.

*Parkeer.*—Om 'n voertuig, hetsy met of sonder insittendes, vir 'n langer tydperk te laat staan as wat redelik nodig is vir die werklike op- of aflaai van persone of goedere; en parkering het 'n oorstemmende betekenis.

*Padverkeerteken.*—Omvat alle tekens, seine, waarskuwingswyserpale, rigtingspale of ander toestelle of merke, wat deur 'n padowerheid aangebring of opgerig is met die doel om verkeer te waarsku, te reël, te beperk, te verbied of te rig.

*Padverkeersein.*—

(a) 'n Padverkeerteken wat 'n lig bevat wat flikker of andersins verander, of wat bewegende dele het, waardeur die verkeer gewaarsku word of beveel word om op 'n bepaalde wyse te reageer (bv. ligsein vir die beheer van verkeer, of robot).

(b) 'n Padverkeerteken wat 'n lig bevat en aangewend word om die perke van die straat aan te dui of om 'n vlugheuwel te verlig (bv. 'n bolder).

*Gevaarteken.*—'n Teken wat aangewend word om toestande aan te dui wat werklik of moontlik gevaarlik is, en wat met die oog op veiligheid 'n verminderde snelheid vereis.

*Verbodteken.*—'n Reëlingsteken wat 'n bepaalde lasgewing bevat, nl. dat die gebruik van 'n straat deur verkeer of deur 'n bepaalde soort verkeer belet word of aan die een of ander beperking onderworpe is.

*Inligtingsteken.*—'n Teken gebruik vir die leiding van verkeer, om vooruit inligting met betrekking tot die straat te verskaf, of om hoflikheid te versoek van die kant van bestuurders.

*Gekombineerde teken.*—Die samestelling van twee tekens wat gebruik word om addisionele inligting te verskaf of met die oog op groter duidelikheid.

*Verkeersmerke.*—Alle toestelle, strepe, patrone, woorde of kleure, wat in die oppervlakte vasgesit is, aan die straatoppervlakte, randstene of aangrensende voorwerpe aangebring of geheg is, en wat amptelik aangebring is ten einde die verkeer te reël, te waarsku of te rig.

*Intersection.*—The area embraced within the prolongation of the lateral boundaries of two streets which join one another at, or approximately at, right angles, or the area within which vehicles travelling upon different streets joining at any other angle may come in conflict.

*Traffic Island.*—Any area in a street intended either to effect the physical separation and sorting of traffic, or for the exclusive use of pedestrians or both.

*Traffic.*—Includes vehicles or conveyances of any kind, pedestrians and ridden, led, herded or driven animals, whether such vehicles or conveyances, pedestrians or animals are moving or stationary.

*Pedestrian.*—Any person afoot.

*Vehicle.*—Every device in, upon or by which any person or property is or may be transported or drawn upon a street, and includes any animals being ridden, led or driven.

*Motor Vehicle.*—Any vehicle designed or intended for propulsion by other than human or animal power and includes a trailer but does not include vehicles moving exclusively on rails or pedestrian controlled vehicles propelled by electrical power derived from storage batteries and carried on such vehicles where the unladen weight of any such vehicle including the weight of its storage batteries, does not exceed one thousand (1,000) pounds, provided that—

(i) the load carried on any such vehicle does not exceed twelve hundred (1,200) pounds;

(ii) the overall height of any such vehicle including the load carried thereon does not exceed four (4) feet six (6) inches;

(iii) the overall width of any such vehicle including the load thereon does not exceed six (6) feet.

*Traffic Lane.*—Any one of the parts into which the street is divisible, each sufficient in width for one moving line of vehicles.

*Loading Zone.*—An area adjacent to the kerb line reserved exclusively for use by vehicles while loading or unloading passengers or property.

*Park.*—To keep a vehicle, whether occupied or not, stationary for a period of time greater than is reasonably necessary for the actual loading or unloading of persons or goods; and parking has a corresponding meaning.

*Road Traffic Sign.*—Includes all signs, signals, warning signposts, direction posts or other devices or markings placed or erected by a road authority for the purpose of warning, regulating, restricting, prohibiting or guiding traffic.

*Road Traffic Signal.*—

(a) A road traffic sign embodying a light which flashes or otherwise changes, or having moving parts, by which traffic is warned or is directed to take some specific action (e.g. traffic control light signal or robot).

(b) A road traffic sign embodying a light and used to indicate the limits of the street or to illuminate a traffic island (e.g. a bollard).

*Danger Sign.*—A sign used to indicate conditions which are actually or potentially hazardous and requiring reduction of speed for safety.

*Prohibitive Sign.*—A regulatory sign conveying a definite instruction that the use of a street by traffic or by some particular class of traffic is prohibited or is subject to some restriction.

*Informative Sign.*—A sign used for the guidance of traffic, to convey advance information in regard to the street, or to convey a request for courteous driving.

*Combined Sign.*—The combination of two signs used to convey additional information or for greater clarity.

*Traffic Markings.*—All devices, lines, patterns, words, or colours embedded in the surface, applied or attached to the street surface, kerbing or adjacent objects, officially placed for the purpose of regulating, warning or guiding traffic.

## 2. ALGEMENE INDELING VAN PADVERKEERTEKENS.

A. *Padtekens.*
(a) Gevaartekens.
(b) Verbod- en beveltekens.
(c) Inligtingstekens.
(d) Gekombineerde tekens.

B. *Verkeersmerke.*
(a) Strepe.
(b) Ander tekens en merke.

C. *Padverkeerseine.*
(a) Robotte.
(b) Flitsligte.
(c) Bolders.

D. *Tydelike tekens.*

## 3. BESONDERHEDE BETREFFENDE BOSTAANDE INDELINGS.

Die soorte, afmetings en kleure van die voorgeskrewe padverkeertekens word, waar moontlik, in die bylae hiervan aangedui. Hierdie besonderhede moet nagekom word, tensy afwykings toegelaat word in die omskrywing van elke teken.

Waar daar in klasse A en D melding van verligting gemaak word, beteken dit verligting deur middel van 'n geskikte soort regstreekse lig of anders deur die gebruik van materiaal of toestelle wat in die teken self bevat is, om indirekte of weerskaatse lig te gee.

Die opskrifte word in Engels tussen hakies na die Afrikaans in die teks herhaal.

Die toepassing van die teken word onder elke teken aangedui.

Alle afmetings wat verstrek word, is die minimum afmetings.

### A. *Padtekens.*

(a) *Gevaartekens:*

Gevaartekens bevat in alle gevalle 'n rooi driehoek. Geslote driehoeke kan gebruik word, en in so 'n geval moet die middelgedeelte wit wees. Die simbole of opskrifte moet swart op 'n geel grond wees. In stedelike gebiede moet die rooi driehoek en opskrif of die rooi driehoek en grond van hierdie tekens verlig wees.

No. 10.—Kruispaaie: Om te waarsku teen 'n kruispunt.

No. 11.—Dreineringsduik: Om te waarsku teen 'n dreineringsduik wat oor 'n straat strek.

No. 12.—Onbewaakte oorweg van 'n straat en spoorbaan.

No. 13.—Hek of versperring oor 'n straat, of versperring by 'n oorweg waar 'n straat oor 'n spoorbaan gaan.

No. 37.—Om die nabyheid van 'n oorweg aan te dui; dit moet op die straat in die onmiddellike nabyheid van die oorweg opgerig word.

No. 77.—Alternatiewe teken vir No. 37. Die arms van die kruis kan dubbel wees as daar twee of meer spoorbane is.

No. 14.—Motorhek: Om te waarsku teen 'n hek of versperring, en 'n motorroosterhek wat regs van die versperring geleë is; die pyl op hierdie teken kan onder 'n hoek op of af aangetoon word, of insgelyks aan die regterkant van die teken.

No. 81.—Motorhek: Om te waarsku teen 'n roosterhek wat in die straat geleë is.

No. 15.—Smal brug: Om te waarsku teen 'n brug waarvan die wydte van die straat heelwat nouer is as dié van die aangrensende straat.

No. 91.—Pont: Om die nabyheid van 'n punt aan te dui.

No. 16.—Gevaar: 'n Algemene waarskuwingsteken om slegs ter aanvulling van ander tekens gebruik te word. Die middel kan toe en wit geverf wees.

No. 51.—Verkeersirkel: Om aan te dui dat die straat om 'n vlugheuwel draai.

No. 72.—Om die nabyheid van 'n speelterrein vir kinders aan te dui. Waar hierdie teken by 'n skool gebruik word, moet die woorde „skool" en „school" bo en onder die simbool verskyn in letters minstens 3 duim hoog.

## 2. GENERAL CLASSIFICATION OF ROAD TRAFFIC SIGNS.

A. *Roadside Signs.*
(a) Danger.
(b) Prohibitive and mandatory.
(c) Informative.
(d) Combined.

B. *Traffic Markings.*
(a) Lines.
(b) Other signs and markings.

C. *Road Traffic Signals.*
(a) Robots.
(b) Flashlights.
(c) Bollards.

D. *Temporary Signs.*

## 3. DETAILS OF THE ABOVE CLASSIFICATIONS.

The types, dimensions and colours of the prescribed road traffic signs are indicated where possible, in the attached appendix. These details shall be adhered to unless variations are allowed in the definition of each sign.

In Classes A and D where illumination is referred to it shall mean illumination by a suitable type of direct lighting or alternatively by the use of materials or devices embodied in the sign itself to give indirect or reflected lighting.

The Afrikaans version of the legends is indicated, in brackets, after the English version in the text.

The application of the sign is indicated under each sign.

All dimensions given shall be minimum dimensions.

### *A. Roadside Signs.*

(a) *Danger Signs:*

Danger signs shall in all cases embody a red triangle. Closed triangles may be used and in this case the centre portion shall be white. The symbols or legends shall be black on a yellow ground. In urban areas the red triangle and legends or the red triangle and ground of these signs shall be illuminated.

No. 10.—Crossroads: To give warning of an intersection.

No. 11.—Cross-drain or dip: To give warning of a cross-drain or dip intersecting a street.

No. 12.—Unguarded level crossing of a street and rail track.

No. 13.—Gate or barrier across a street, or barrier at a level crossing of a street and rail track.

No. 37.—To indicate the proximity of a railway level crossing and to be erected on the street in the immediate vicinity of the crossing.

No. 77.—Alternative sign to No. 37. The arms of the cross may be doubled if there are two or more tracks.

No. 14.—Motor Gate: To give warning of a gate or barrier, and a motor grid gate which is situate to the right of the barrier; the arrow on this sign may be shown at an angle up or down or similarly on the right of the sign.

No. 81.—Motor Gate: To give warning of a motor grid gate which is situate in the street.

No. 15.—Narrow Bridge: To give warning of a bridge which has an appreciable narrower street width than the adjacent street.

No. 91.—Ferry: To indicate the proximity of a ferry.

No. 16.—Danger: A general warning sign to be used only complementary to other signs. The centre may be closed and painted white.

No. 51.—Traffic Circle: To indicate that the street turns about a traffic island.

No. 72.—To indicate the proximity of a children's playground. When this sign is used at a school the wording "school" and "skool" shall appear above and below the symbol in 3 inch minimum lettering.

(b) *Verbod- en Beveltekens.*

Die algemeen aanvaarde vorm van verbod- en beveltekens is rond en die kleur is rooi. Verbodtekens word onderverdeel in—

(i) tekens van algehele verbod of beperking; en
(ii) tekens van gedeeltelike verbod of beperking.

Alle tekens wat 'n verbod of beperking aandui, word opgerig op die plek waar hul bepaling van toepassing is.

Tekens wat 'n verbod aandui word slegs deur 'n padowerheid opgerig.

Die rooi sirkel en opskrif of die rooi sirkel en grond van hierdie tekens moet verlig wees, uitgesonderd waar hul bepaling nie van toepassing is wanneer dit donker is nie.

(i) *Totale verbod.*

No. 40.—Geen ingang: Ingang van alle voertuie verbied.

No. 41.—Een Rigting: Wat die rigting aandui waarin voertuigverkeer moet voortbeweeg. Die pyl kan na links of regs wys.

Die tekens „Geen Ingang" en „Een Rigting" moet mekaar kan aanvul, dit wil sê, waar 'n teken „Een Rigting" nie vir die verkeer uit alle rigtings sigbaar is nie, kan dit aangevul word deur 'n teken „Geen Ingang".

No. 42.—Geen Parkeerplek: Gebruik om aan te dui waar die parkeer van voertuie te alle tye verbied word. Die hoogte van die letters moet minstens 12 duim wees.

Waar nodig, kan hierdie teken op 'n dergelike skyf met 'n diameter van minstens 16 duim vertoon word. Tensy hierdie teken vertoon word met die seinkant parallel met die sylyn van 'n straat, moet die opskrif op 'n soortgelyke wyse op die keersy van die teken aangebring word.

(ii) *Gedeeltelike verbod.*

No. 43.—'n Beperkte toepassing van die teken Geen Parkeerplek, om aan te dui waar die parkeer van voertuie binne sekere perke verbied word. Die hoogte van die letters moet minstens 8 duim vir die letter „P", minstens 2 duim vir die syfers, en minstens ¾ duim vir „v.m.", „n.m.", „a.m." en „p.m." wees.

Waar nodig, kan hierdie teken op 'n dergelike skyf met 'n diameter van minstens 16 duim vertoon word. Tensy hierdie teken vertoon word met die seinkant parallel met die sylyn van die straat, moet die opskrif op 'n soortgelyke wyse op die keersy van die teken aangebring word.

No. 18.—Beperkingsteken: Hierdie teken word gebruik om 'n doeanestilhouplek, of enige beperking met betrekking tot voertuigverkeer of tot 'n bepaalde soort voertuigverkeer, aan te dui.

Die volgende tekens ressorteer onder hierdie klas:—

Snelheidsgrens. Teken No. 20.—Om deur middel van 'n nommer die maksimum snelheid in myle per uur waarteen voertuigverkeer mag voortbeweeg, aan te dui. Die hoogte van die letters op hierdie teken moet minstens 8 duim wees.

„Stop" („Stop"). Teken No. 45.—Om aan te dui dat voertuigverkeer moet stilhou, en nie mag voortgaan totdat dit veilig is om dit te doen nie. Die opskrif op hierdie teken moet letters van minstens 8 duim hoog wees.

No. 38.—„Stop"-teken opgerig by 'n oorweg waar die verkeerstoestande dit regverdig. Hierdie teken het dieselfde betekenis as teken No. 45. Die hoogte van die letters van die hoofopskrif moet minstens 8 duim wees. Die getal spoorweglyne kan aangetoon word in letters 5 duim hoog, en flikkerligte kan onmiddellik onderkant die teken opgerig word.

Gewigsgrens: Om die beperking van gewig van 'n voertuig aan te dui wat, hetsy gelaai of ongelaai, oor die bepaalde gedeelte van 'n straat mag gaan, bv. „5 Ton" („5 Ton").

„Slegs Motorvoertuie" („Motor Vehicles Only"): Om aan te dui dat verkeer, uitgesonderd motorvoertuie, belet word om die straat te gebruik.

(b) *Prohibitive and Mandatory.*

The generally adopted shape of prohibitive and mandatory signs shall be circular and the colour red. Prohibitive signs are subdivided into—

(i) total prohibition or restriction; and
(ii) partial prohibition or restriction.

All signs denoting a prohibition or restriction shall be erected at the point at which their significance is applicable.

Signs indicating a prohibition shall only be erected by a road authority.

The red circle and legend or the red circle and ground of these signs shall be illuminated, except where their significance does not apply during the hours of darkness.

(i) *Total Prohibition.*

No. 40.—No Entry: Entry of all vehicles prohibited.

No. 41.—One Way: Signifying the direction in which vehicular traffic shall proceed. The arrow may be shown to the left or right.

The "No Entry" and "One Way" signs shall be interchangeable in application, that is, where a "One Way" sign is not visible to traffic from all directions it may be supplemented by a "No Entry" sign.

No. 42.—No Parking: Used to indicate where parking of vehicles is prohibited at all times. The height of lettering shall be 12 inches minimum.

Where necessary this sign may be displayed on a similar disc of not less than 16 in. diameter. Unless this sign is displayed with the signal face parallel to the lateral line of the street, the legend shall be inscribed in a similar manner on the reverse of the sign.

(ii) *Partial Prohibition.*

No. 43.—A limited application of the No Parking sign indicating where parking is prohibited within certain limits. The height of lettering shall be 8 in. minimum for the letter "P", 2 in. minimum for the numerals and ¾ in. minimum for "a.m.", "p.m.", "vm." and "nm.".

Where necessary this sign may be displayed on a similar disc of not less than 16 in. diameter. Unless this sign is displayed with the signal face parallel to the lateral line of the street the legend shall be inscribed in a similar manner on the reverse of the sign.

No. 18.—Restriction Notice: This sign shall be used to indicate a customs stop, or any restriction relating to vehicular traffic or to a particular class of vehicular traffic.

The following signs fall under this category:—

Speed limit, Sign No. 20.—To indicate by means of a number the maximum rate of speed in miles per hour of which vehicular traffic may proceed. The height of lettering on this sign shall be 8 in. minimum.

"Stop" ("Stop"), Sign No. 45: To indicate that vehicular traffic must stop and not proceed until it is safe to do so. The legend on this sign shall be 8 in. minimum height of lettering.

No. 38.—Stop sign erected at a level crossing where traffic conditions warrant it. This sign has the same significance as sign 45. The height of letter of the main legend shall be 8 in. minimum. The number of railway lines may be shown in 5 in. height of lettering and flashlights may be erected immediately below the sign.

Weight Limit.—To indicate the limiting weight of a vehicle, whether laden or unladen, which may proceed over the defined section of a street, e.g. "5 Ton" ("5 Ton").

"Motor Vehicles Only" ("Slegs Motorvoertuie"): To indicate that the use of the street is precluded to traffic other than motor vehicles.

„Slegs Motorkarre" („Motor Cars Only"): Om aan te dui dat verkeer, uitgesonderd motorkarre, belet word om die straat te gebruik.

„Slegs Rywiele" („Bicycles Only"): Om aan te dui dat verkeer, uitgesonderd rywiele, belet word om die straat te gebruik.

„Geen Motorkarre" („No Motor Cars"): Om aan te dui dat motorkarre belet word om die straat te gebruik.

„Geen Motorfietse" („No Motor Cycles"): Om aan te dui dat motorfietse belet word om die straat te gebruik.

„Geen Rywiele" („No Bicycles"): Om aan te dui dat rywiele belet word om die straat te gebruik.

„Geen Vragmotors" („No Motor Lorries"): Om aan te dui dat vragmotors belet word om die straat te gebruik.

„Geen Stoomwaens" („No Steam Wagons"): Om aan te dui dat stoomwaens belet word om die straat te gebruik.

„Geen Motorvoertuie" („No Motor Vehicles"): Om aan te dui dat motorvoertuie belet word om die straat te gebruik.

„Geen Voertuie deur Diere Getrek" („No Animal-Drawn Traffic"): Om aan te dui dat voertuie deur diere getrek, belet word om die straat te gebruik.

„Geen Aangejaagde Vee" („No Herded Animals"): Om aan te dui dat geen aangejaagde vee op die straat toegelaat word nie.

„Nie Regs Draai Nie" („No Right Turn"): Om aan te dui dat voertuigverkeer nie na die regterkant mag draai nie.

„Nie Links Draai Nie" („No Left Turn"): Om aan te dui dat voertuigverkeer nie na die linkerkant mag draai nie.

„Nie Omdraai Nie" („No U Turn"): Om aan te dui dat voertuigverkeer nie mag omdraai sodat die voorkant in die teenoorgestelde rigting is nie.

„Hou Links" („Keep Left"): Om aan te dui dat voertuigverkeer slegs na links mag beweeg, of aan die linkerkant van 'n versperring, bv. 'n vlugheuwel, moet hou.

No. 47.—„Moenie Inhaal Nie" („No Overtaking"): Om aan te dui dat voertuigverkeer nie in een rigting in groter getalle langs mekaar mag voortbeweeg as wat daar afgemerkte verkeersbane op die helfte van die wydte van die straat is nie.

„Moenie Toet Nie" („No Hooting"): Om aan te dui dat die gebruik van 'n toeter of dergelike waarskuwingstoestel verbied word.

Hierdie tekens is in die vorm van 'n reghoek met 'n hol sirkel daarop met 'n diameter van 24 duim; die opskrif moet op die reghoek in swart op 'n geel grond aangebring wees, en die hol sirkel moet rooi wees. Die middel van die hol sirkel kan toe en wit geverf wees. Die reghoek moet minstens 24 duim wydt en minstens 12 duim hoog wees; alle letters moet minstens 3 duim hoog wees.

Die hol sirkel word weggelaat op die teken „Hou Links", en kan op die ander tekens weggelaat word wanneer hulle op of by 'n verkeersein opgerig word.

No. 46.—„Stop" („Stop"): 'n Alternatiewe „Stop"-teken met swart letters minstens 5 duim hoog op 'n geel grond. Die skyf bo die teken moet rooi wees.

No. 49.—Opheffingsteken: Om aan te dui dat die bepaalde beperking opgehef is. Die oorhoekse kruis moet oor die eintlike teken aangebring wees. Die wydte van die kruislyn moet minstens ½ duim en hoogstens 1 duim wees.

No. 19.—Voorbeeld van die gebruik van die opheffingsteken vir 'n snelheidsgrens.

No. 66.—Moenie Stilhou Nie: Om aan te dui dat voertuigverkeer nie gedurende sekere tye op 'n sekere gedeelte van die straat mag stilhou nie. Die opskrif „Moenie Stilhou.. („No Stopping") kan op die teken aangebring word. Die opskrif moet swart op 'n geel grond wees. Die letters moet minstens 1½ duim hoog wees, uitgesonderd „vm.", „nm.", „a.m." en „p.m.", wat minstens ½ duim moet wees.

"Motor Cars Only" ("Slegs Motorkarre"): To indicate that the use of the street is precluded to traffic other than motor cars.

"Bicycles Only" ("Slegs Rywiele"): To indicate that the use of the street is precluded to traffic other than bicycles.

"No Motor Cars" ("Geen Motorkarre"): To indicate that the use of the street is precluded to motor cars.

"No Motor Cycles" ("Geen Motorfietse"): To indicate that the use of the street is precluded to moter cycles.

"No Bicycles" ("Geen Rywiele"): To indicate that the use of the street is precluded to bicycles.

"No Motor Lorries" ("Geen Vragmotors"): To indicate that the use of the street is precluded to motor lorries.

"No Steam Wagons" ("Geen Stoomwaens"): To indicate that the use of the street is precluded to steam wagons.

"No Motor Vehicles" ("Geen Motorvoertuie"): To indicate that the use of the street is precluded to motor vehicles.

"No Animal-Drawn Traffic" ("Geen Voertuie deur Diere getrek"): To indicate that the use of the street is precluded to animal-drawn traffic.

"No Herded Animals" ("Geen Aangejaagde Vee"): To indicate that the use of the street is precluded to herded animals.

"No Right Turn" ("Nie Regs Draai Nie"): To indicate that vehicular traffic shall not turn in a right-hand direction.

"No Left Turn" ("Nie Links Draai Nie"): To indicate that vehicular traffic shall not turn in a left-hand direction.

"No U Turn" ("Nie Omdraai Nie"): To indicate that vehicular traffic may not turn around to face in the opposite direction.

"Keep Left" ("Hou Links"): To indicate that vehicular traffic shall only proceed in a left-hand direction or shall keep to the left-hand side of some obstacle, e.g. a traffic island.

No. 47.—"No Overtaking" ("Moenie Inhaal Nie"): To indicate that vehicular traffic shall not travel in one direction in greater numbers side by side than there are defined traffic lanes on that half width of the street.

"No Hooting" ("Moenie Toet Nie"): To indicate that the use of a hooter or similar warning device is prohibited.

These signs shall be a rectangle surmounted by a hollow circle of 24 in. diameter; the legend shall be inscribed on the rectangle in black on a yellow ground and the hollow circle shall be red. The centre of the hollow circle may be closed and painted white. The size of the rectangle shall be 24 in. minimum width and 12 in. minimum in depth; all lettering shall be in 3 in. minimum height.

The hollow circle shall be omitted on the "Keep Left" sign, and may be omitted on the other signs when they are erected on or at a traffic signal.

No. 46.—"Stop" ("Stop"): An alternative "Stop" sign having 5 in. minimum height of black lettering on a yellow ground. The disc surmounting the sign shall be red.

